

# St. Colette
## 6 Maart

(1281-1447)

Colette word onthou as een van die groot hervormers van die Klarisse-orde. Sy was die dogter van 'n eenvoudige skrynwerker in die dorpie Corbie in Frankryk. Sy sluit aan by die derde orde van die Heilige Franciskus en voer aanvanklik 'n kluisenaarsbestaan totdat St. Franciskus in 'n visioen aan haar verskyn het met die opdrag om die Klarisse weer terug te lei na hul oorspronklike lewensreël. Sy ervaar groot teenkanting, maar volhard en begin ook om nuwe kloosters te stig. Sy was nie 'n geleerde vrou nie en tog het haar persoonlike heiligheid kardinale en selfs pouse na haar laat luister. Saam met die heilige Vincent Ferrer het sy baie gedoen om die groot Westerse Skisma of Kerkskeuring tot 'n einde te bring.  Sy was ook 'n mistikus wat haar eie dood in die klooster van Gent voorspel het.

© Die Oratorium Uitgewery